BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

30c — Vrydag 26 September 1980 — WINDHOEK — Friday 26 September 1980 — No. 4279

INHOUD:

Bladsy

**PROKLAMASIE:**

No. AG. 57 Wysigingsproklamasie op Partylysverkiesings, 1980 ... 1

CONTENTS:

Page

**PROCLAMATION:**

No. AG. 57 Party List Elections Amendment Proclamation, 1980 ... 1

## PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 26 September 1980)*

No. AG. 57 — 1980

WYSIGING VAN DIE PARTYLYSVERKIESINGSPROKLAMASIE, 1980 (PROKLAMASIE AG. 54 VAN 1980)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

G. van N. VILJOEN
Administrateur-generaal — Windhoek, 26 September 1980

BYLAE

*Wysiging van artikel 5 van Proklamasie AG. 54 van 1980*

1. Artikel 5 van die Partylysverkiesingsproklamasie, 1980, word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

## PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the State President on 26 September 1980)*

No. AG. 57 — 1980

AMENDMENT OF THE PARTY LIST ELECTIONS PROCLAMATION, 1980 (PROCLAMATION AG. 54 OF 1980)

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

G. van N. VILJOEN
Administrator-General — Windhoek, 26 September 1980

SCHEDULE

*Amendment of section 5 of Proclamation AG. 54 of 1980*

1. Section 5 of the Party List Elections Proclamation, 1980, is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(6) Geen persoon kan 'n kandidaat van meer as een politieke organisasie of vir meer as een verkiesing wees nie, en indien en vir solank as die naam van 'n persoon op meer as een lys van kandidate verskyn, is daardie persoon, ondanks die bepalings van enige ander wet, onbevoeg om verkies te word tot lid van die wetgewende owerheid of enige van die wetgewende owerhede waarvoor die persone wie se name op die betrokke lyste verskyn, kandidate is.".

*Invoeging van artikel 41bis in Proklamasie AG. 54 van 1980*

2. Die volgende artikel word hierby in die Partylysverkiesingsproklamasie, 1980, na artikel 41 ingevoeg:

*"Verbod op gebruik van vlae en luidsprekers*

41*bis*. (1) Niemand mag in verband met 'n verkiesing op 'n stemdag 'n vlag gebruik of vertoon wat die nasionale vlag van die een of ander land is of was nie of op 'n stemdag enige vorm van luidspreker gebruik nie.

(2) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens eenhonderd rand.".

*Kort titel*

3. Hierdie Proklamasie heet die Wysigingsproklamasie op Partylysverkiesings, 1980.

"(6) No person may be a candidate of more than one political organization or for more than one election, and if and so long as the name of any person appears on more than one list of candidates, such person shall, notwithstanding the provisions of any other law, be disqualified for election as a member of the legislative authority or any of the legislative authorities for which the persons whose names appear on the lists in question are candidates.".

*Insertion of section 41bis in Proclamation AG. 54 of 1980*

2. The following section is hereby inserted in the Party List Elections Proclamation, 1980, after section 41:

*"Prohibition of use of flags and loudspeakers*

41*bis*. (1) No person shall in connection with any election on any polling day use or display any flag which is or was the national flag of any country or use any form of loudspeaker on the polling day.

(2) Any person who contravenes the provisions of subsection (1) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred rand.".

*Short title*

3. This Proclamation shall be called the Party List Elections Amendment Proclamation, 1980.